**Maandag 25 Desember**
**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-20**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-20 (AFR83/2020)**

## Christus het opgestaan en jy saam met Hom

Vandag op 25 Desember bring 1 Korintiërs 15 die wondergeboorte van Christus en sy heerlike, onbegryplike opstanding uit die dood bymekaar.

Beide die maagdelike geboorte en opstanding uit die dood is vir ons menslike verstand onbegryplik, iets wat alleen deur geloof vir ons ’n werklikheid kan word. Ons moet die onsienlike sien, ons moet die werk van die Almagtige God in ons harte bevestig. Ek glo dat die maagd swanger geraak het, alleen deur die werking van God se Gees, dat God se Seun gebore is, volmaak gelewe het, die wet in my plek volbring het, betaal het vir my skuld en op die derde dag opgestaan het uit die dood. Dat hierdie opstanding ’n volkome en permanente verandering bewerk het. Die mag van die dood oor Christus is verbreek. En elkeen wat deur die geloof in Christus ingelyf is, deel in hierdie oorwinning.

Ek, as gelowige, het reeds saam met Christus die dood oorwin, ek sit saam met Hom aan God se regterhand (Ef. 2:5, 6). Daarom, al sterf my liggaam eendag, weet ek my liggaam sal weer opstaan, soos Christus opgetaan het.

My deelhê aan die opstanding van Christus, dra nou reeds vrug in my lewe – die vrug is hoop. In hierdie lewe kom ons dikwels in doodloopstrate te lande. In ons verhoudings, ons finansies, ons emosies voel dit soms of daar geen uitkoms meer is nie. Wanneer ons of iemand anders in ’n doodsituasie kom, kan ons hoop in hierdie situasie indra. Deur die krag van die Heilige Gees kan ons as nuutgebore mense altyd weer opstaan en nuut begin, ons hoef nooit hopeloos te wees nie.

Paulus sê ons geloof sonder hierdie feit is nutteloos. Maar nou, Christus hét opgestaan en ons saam met Hom.

*Sing: Skrifberyming 12-2:1-5*

*Prof. G Breed (Gert) (emeritus)*